

## **Januarie 2012**

Dagsê al die belangstellendes in die geskiedenis van ou Pretoria,

Hoop u is uitgerus na die vakansie en reg vir die nuwe jaar. Vandag iets oor die skrynwerker/bouaannemer/argitek W.A. de Rapper.

### **W.A. de Rapper [7.5.1841 – 13.8.1912]**

Wilhelm Alexander de Rapper is in Gelderland, Zuid-Holland gebore [Plo-02, p57]. Hy het wiskundige aanleg gehad en het in 1868 'n "lofkrans" in die rekenkuns verwerf. Na sy eerste vrou Aukje Tjeers de Jong oorlede is tree hy in 1871 in die huwelik met Maike Lintzens Kingma. Hulle het ses kinders gehad [Pr-89, p45].

Hy kom in 1886 met sy hele gesin – vrou, vyf dogters en een seun – na Suid-Afrika, waar hy hom in Pretoria kom vestig het. Hy was eers in Bloedstraat woonagtig. Hy het in die bouwetting gewerk, was boukontrakteur en het self huise ontwerp [Pr-83, p10].

In 1888 verskyn sy eerste advertensie in De Volksblad. Hy adverteer homself as timmerman en aannemer. Sy woonadres word aangegee as Bloedstraat no. 876 [V-1888-10-25]. Erf nommer 876 is aan die noordekant van Bloedstraat tussen Mark- en Andriesstraat. In dieselfde jaar adverteer J. van Zwieten dat hy 8 bliksemafleiers vir De Rapper vervaardig het. Die bliksemafleiers is van soliede koper en die platina-punte is met goud bedek [V-1888-11-05].

In Februarie 1888 koop hy 'n aantal erwe in Muckleneuk op 'n veiling [V-1889-02-18]. 'n Aantal maande later is daar 'n beskrywing van die voltooide NZASM huis in die koerant en word genoem dat De Rapper die aannemer van die huis was [V-1889-06-17].

In 1898 is sy adres nog steeds Boedstraat no 876 en adverteer hy as volg: maak stadsgeboue, "Villas, Bruggen, Bouwplanne met bestekken of spesifikasies, Berekening teen billike prys". Beskerm geboue "voor het inslagen van het bliksem, door doelmatige plaatsing van soliede Afleiers met Vangspitsen en Grondstangen". [V-1889-08-29].


In Pretoria het hy 'n hele paar huise gebou, o.m. 'n paar in Troyestraat, tussen Rissikstraat en die spoorlyn. Ds. en mev. Rumph het nog in een van die huise gewoon. Hy het ook die Arcadia Verpleeginrigting op die hoek van Park- en Troyestraat gebou, sy eie huis in Celliersstraat 57, die ou De Rapper Cottages en dies meer. Hy het ook 'n paar trembrûe vir die NZASM in die omgewing van Middelburg, Transvaal, gebou [Pr-83, p10]. Moontlik was De Rapper ook die bouer van die NZASM gedenkhuis in Rissikstraat 62. Die huis, ook bekend as "Mea Vota", is in 1899 gebou vir twee NZASM ingenieurs, A. Westenberg en C. van der Made [Pr-91, p13].

In ou Pretoria was daar 'n De Rapper's gebou op die suid-oostelike hoek van Mark- en Schoemanstraat [Dun-01, p202]. Op 'n foto van 1893 is die gebou in die agtergrond sigbaar.

In Longlands [Lon-01, p61] word melding gemaak van De Rapper's Terrace. Dit was in Pretoriussstraat tussen Du Toitstraat en die Apiesrivier. In 1913 [Loc-01, p270] word dit as De Rapper's Cottages beskryf en het 13 inwoners gehad.

In 1897 het hy en sy gesin na sy mooi groot huis in Cellierstraat, Sunnyside, verhuis, waar hy tot sy dood op 13 Augustus 1912 woonagtig was. Volgens Longlands is die huis in Celliersstraat tussen Park- en Esselenstraat, en sy

beroep word aangegee as 'n bouaannemer [Lon-01, p25]. Die hele stuk grond aan die westekant van Cellierstraat van Walkerspruit tot bykans Esselenstraat het aan hom behoort. Twee straatjies in die omgewing is dan ook na hom vernoem, nl. De Rapperstraat en Wilhelmstraat [nou vernader na Weilandstraat]. Hy het nog die ry bome in Welhelmsstraat geplant. Die huis in Cellierstraat is later deur dr. Pyper aangekoop [Pr-83, p10].



W.A. de Rapper op die stoep van sy woonhuis [Pr-83, p9]



Die mooi woonhuis van die De Rappergesin, Cellierstraat 57 [Pr-83, p10]

Bronnelys

- And-01 Andrews, Tom e.a. 1989. **Straat- en Plekname van Ou-Pretoria.** Pretoria: J.L. van Schaik.
- And-03 Andrews, Tom. 1994. **God's Acre: Church Street Cemetery.**
- Dun-01 Lola Dunston. 1975. **Young Pretoria 1889-1913.** Pretoria: Lola Dunston.
- Loc-01 **Lochhead's Guide, Hand-book, and Directory of Pretoria, 1913.** Pretoria: Transvaal Reliable Agency. 1913.
- Lon-01 **Longland's Pretoria directory for 1899.** Pretoria: Staatsbiblioek. 1979.
- Plo-02 Ploeger, Jan. 1994. **Nederlanders in Transvaal [1850-1950].** Pretoria: J.L. van Schaik.
- Pr-083 De Jager, P.J. [kleinseun van W.A. de Rapper]. 1983. **W.A. de Rapper 1841-1912.** Pretoriana, Nommer 83, Februarie.
- Pr-087 Andrews, T.E. 1985. **The old Cemetery in Pretoria (2).** Pretoriana, Nommer 87, April.
- Pr-089 Ploeger, J. 1986. **Aantekeninge met betrekking tot die De Rapper-geslag en Wilhelm Alexander de Rapper.** Pretoriana, Nommer 89, April.
- Pr-091 De Jong, Robert C. 1987. **The NZASM in and around Pretoria: A visual record.** Pretoriana, Nommer 91, April.

V = De Volksstem

---

Terugvoering op verlede maand se brief: van Berto Lombard

Beste Rosa

Baie dankie vir die Pretoria Brief vir Desember 2011 met die interessante inligting oor die Middelbergs.

Ek het dit aangestuur na 'n mede oumotor-entoesias vriend van my, Leo Middelberg, omdat ek vermoed het dat hy 'n familieverwantskap met hulle het. My vermoede was toe reg, soos uit sy reaksie hieronder blyk.

As dit van belang is kan jy gerus die bykomende inligting in 'n volgende brief gebruik.

Leo is ook 'n ingenieur en hy is betrokke by ingenieursprojekte in verskeie Afrikalande. Dit lyk dus vir my of daar iets uit te maak is vir die argument dat 'n mens se beroepsvaardigheid oorerflik kan wees!

---

Hi Berto Lombard  
Baie interessant.

GAA Middelberg was my oupagrootjie en die LR Middelberg wat na verwys word was my oupa.

Nadat my oor-grootvader na Ndl terug is, het my grootvader ook ingenieurswese gaan studeer. Hy was ook by die spoorweë betrokke maar dan wel vir 'n tyd lank in Suriname en Indonesië waar my eie vader gebore is. Na my grootvader se aftrede is hulle terug Nederland toe. My vader het na

die 2<sup>e</sup> wêreldoorlog na RSA geimmigreer om sendingwerk te doen (hy was 'n mediese dokter). Op die stadium wat hy na RSA gekom het het my grootvader (wie se name ek ge-erf het) ook na RSA gekom en vir 'n tyd lank hier gewoon – die verwysing na hom in 1958. Hulle het in Brooklyn gewoon. Hy het kort voor sy dood na Nederland teruggekeer en is op Kersaand 1962 in Loenersloot oorlede. Hy is net soos GAA Middelberg in die begraafplaas te Brugge begrawe.

My pa se enigste broer Dr AWF Middelberg was 'n chemiese ingenieur en was ook in die laat 50's in RSA – hy was een van die pioniers van Sasol. Hy is egter rond die selfde tyd as my grootvader terug na Ndl en is kort na hom oorlede (as ek reg onthou so 4 jaar later). Hy het sy verhandeling gedeeltelik geskryf toe hy krygsgevangene was.

Die Middelberg-familie was tydens die 2<sup>e</sup> wêreldoorlog aktief in die Nederlandse versetbeweging of te wel die ondergronse.

Uit wat ek al gelees het was GAA Middelberg voorwaar 'n wyse man en het hy dan ook diep spore op verskeie terreine getrap – hy was tot as student geskors vir 'n tyd van die Switserse universiteit weens sy politieke opvatting wat vir sy tyd redelik verlig en vooruitstrewend was.

Was interessant om die nuusbrief te lees en terug te dink aan die familiegeschiedenis wat vir 'n groot gedeelte nie opgeskryf is anders as die brieue wat hy geskryf het sowel as 'n paar ander brieue uit ander oorspronge.

Groete

Leo

---

Hallo Rosa,

Ek het 'n navraag gekry oor **Constance Stuart** wat gedurende die 1940/50's 'n fotograaf in Pretoria was.

Is daar iemand wat meer inligting kan voorsien, bv.

wanneer het sy in Pretoria gewerk;

waar was haar ateljee;

enige ander relevante inligting.

Asseblief en dankie. Groete, Arina Kok